Munniklaan 21
Sterpark
POLOKWANE
0699

Postnetsuite 001
P/S X9676
Hampton Court
POLOKWANE
0700

TEL: 015 296-0940

FAKS NO: 086 543 0378

Maandag, 3 Junie 2019
Nuusbrief no 10 / 2019

Goeie dag liewe Osieteddie-ouers,

Welkom Junie!!

Sakke-pakke, sout en peper, gee my stoom, dan loop ek beter…. En so snel die einde van die tweede kwartaal ook nou vinnig nader. Daar is egter nog ‘n paar dingetjies wat afgehandel moet word voordat ons ons voete in die lug kan sit!

- Onthou asb u bydraes vir die **Vadersdag-geskenke**. Ons het genoeg blikkies en koerantpapier. Al die uitgedroogte teesakkies kan skool toe gestuur word (dit kan gebruikte sakkies wees). Moet asseblief ook nie die 5 star sjokolade **of** Bar One sjokolade **of** R10 bydrae vergeet nie!

- U gaan die kleuteratletiek se groepfotos eerskomende Woensdag ontvang, dan sluit ons ook daarmee die atletiek af.

- Baie dankie vir julle mooi samewerking met die neem van die individuele fotos. Die fotos is regtig bitter mooi, ons is trots op ons Biker Bere. Verdere bestellings sluit 14 Junie 2019. Alle navrae kan per epos aan amanda@osiekleuters.co.za gerig word.

Nuwe sake:

1. Ons is tans druk besig met **evaluering**. Dit is belangrik dat ons maatjies by die skool is. Ons juffrouens gaan volgende week met elkeen van u ‘n afspraak reel om die verslaggie te bespreek.

2. Ons gemeenskapsprojek vir die 2de kwartaal is Ngwana-babahuis. Ngwane-huis is ‘n plek vir weggooi en verwaarloosde baba’s. Die doel van Ngwana-huis is om die babas so gou moontlik vir aanname, pleegsorg of by familie terug te kry. Met 28 babas wat wissel van pasgebore tot 2½ jaar is daar groot behoeftes vir die volgende produkte. Kom ons maak ‘n verskil!

Borsvoedkussings (halfmane)	Wet-wipes	Doeksakkies
Doughnut kussings	Baba sjampoe	Mop
Enige baba speelgoed	Boudjie salf	Besem
Buite speelgoed	Skottelgoedseep	Pine gel
Balle	Toiletpapier	Kombuis asblik
Klein baba klimraam	Handy Andy	Kaaskrulle
Infacare melk no 1, 2, 3	Jik	Flings chips
Nido 1 plus melk	Vullisdrom sakke	Marie beskuitjies
Mieliemeel	Jungle Oats	Vingerkoekies
Maltabella	Vrugte Purity	Vrugte Squuzies
rooibostee	Soppoeier	2 min noodles
Lug versorger		

3. **Naskool-duwweltjies**

- Probeer asb om u kleuter voor 17:15 uit te teken. Ons eie naskooldametjies moet nog hulle eie kindertjies ook gaan oplaai.
- Maak asseblief seker dat u kleuter ‘n ekstra warm jassie ingepak het. Dit word nogals koud in die laatmiddag.
- Kombersies is ‘n noodsaaklikheid. Maak seker dat alle besittings deeglik gemerk is!

Seen en guns vir die week wat voorlê! Onthou om u kleuter te soen en druk!

Osieteddies-groete

Me. Linda Kruger & personeel
HOOF: Osieteddies Kleinkindontwikkelingsentrum